**<u>Skriflesing:</u>** Handelinge 5:1 - 6 (vóór Nagmaal) Handelinge 5: 7- 14 (Nabetragting)
Teks: **Handelinge 5: 5**
**Sing: VOORAF SANG – Sb. 2-4 (33): 1,3**
**TYDENS EREDIENS - Sb. 8-1 (14):1,2; Ps. 45:1,5,10; Ps. 68:3,15; Ps. 23:3; Ps. 116 ... Sb.10-2 (28b)**

**<u>Handelinge 5:1-14</u>**

Act 5:1 Maar daar was ook 'n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira, wat 'n eiendom verkoop het.
Act 5:2 Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprys vir hulleself agtergehou en net 'n
gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee.
Act 5:3 Petrus sê toe vir hom: "Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige
Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou?
Act 5:4 Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat
het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God."
Act 5:5 Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval; en al die ander wat dit gehoor het, het baie bang
geword.
Act 5:6 'n Paar van die jonges het nader gekom, hom toegedraai en gaan begrawe.

**<u>Skriflesing:</u>** Handelinge 5:1 - 6 (vóór Nagmaal) Handelinge 5: 7- 14 (Nabetragting)
Teks: **Handelinge 5: 5**
**Sing: VOORAF SANG – Sb. 2-4 (33): 1,3**
**TYDENS EREDIENS - Sb. 8-1 (14):1,2; Ps. 45:1,5,10; Ps. 68:3,15; Ps. 23:3; Ps. 116 ... Sb.10-2 (28b)**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus - Wanneer ons op hierdie Pinkstersondag die Here se Woord oopmaak by wat die Heilige Gees in ’n Kerk doen, dan gebeur daar sulke mooi dinge, maar dieselfde Heilige Gees op ’n besondere Sondag uitgestort wys aan ons hoe gevaarlik die Kerk van die Here ook kan wees.

Die Gees doen mooi dinge maar Hy doen ook dinge wat ons kan verskrik. Die mooie van Pinkster is nie alleen die feit dat die Heilige Gees Self God se eerstelingsgawe is (vgl. Rom 8:23) en God het hierdie gawe oor ons uitgestort. Mooier kan dit nie! Tog is die Gees nie net ’n gawe aan ons nie, maar Hy wat die Gees is, Hy is God, Hy gee ook weer aan ons besondere gawes. En as iemand weer die Gees as gawe ontvang het, dan word daardie mens met die Gees vervul ook weer ’n gawe aan God se kerk. Dit wat Ananias en Saffira nie was nie! Hulle het dit wel voorgegee. Man, en vrou was hier ewe skuldig, ons sal by hulle moet kom ...

***

Eers moet ons wel goed raaksien. In die Ou Testament is die Gees ook voluit aan die werk gewees al was die Gees nog nie volledig oor die aarde uitgestort gewees nie. Die Gees bring lewe en beweging, dit sien ons al by die skepping. Die Gees het oor die water gesweef, terwyl alles onder die Gees woes en leeg was. Die latere bewegingsoffers, waar met die insameling van die oeste daar ’n beweegoffer ook was, is so treffend afbeelding van die Gees wat lewe en

beweeg. Op die Pinksterdag waar die eerste fees (tydens Paasfees) iets van ’n bewegingsoffer bevat het, word die beweging net groter. Dit was juis met die beweegoffer in Levitikus 23, tydens Paasfees, waar Jesus se liggaam op die derde dag uit die graf beweeg het. Watter pragtige verband lê daar nie tussen Jesus se beweging uit die graf en die beweegoffers in Levitikus 23 nie?!

Na 50 dae, presies weer op ’n Sondag, soos met die opstanding op ’n Sondag, is die Heilige Gees oor die aarde uitgestort. Alleen op grond van die feit dat daar ’n Paasfees, dat daar tydens die Paasfees beweegoffers was en juis in die fees van die weke, sewe weke later, op die vyftigste dag was die insameling van die oeste vir Israel nie net ’n landbou-bedrywigheid nie, maar was juis die eersteling van die volle som na die tempel gebring. Ons lees Levitikus 23: vv 16-17 *Die dag ná die sewende sabbat, op die vyftigste dag, moet julle vir die Here 'n graanoffer bring uit die pas geoeste graan. 17 Elke gesin moet twee brode vir 'n beweegoffer na die heiligdom toe bring. Dit moet van drie kilogram meel met suurdeeg gebak wees en is 'n gawe aan die Here uit die eerste opbrengs van die oes.*

Van vroeg wil die Gees met die brood van die liggaam ook spreek in die taal van die brood van die lewe. Die Heilige Gees wil nie net met brood versterk nie, maar wil ook die lewe verfraai. Kyk maar na die werk van die Gees toe die tabernakel gebou moes word (Eks 31:2-3). Ons lees Besaleël was uitgekies om die tabernakel te bou en God het hom met sy Gees toegerus sodat hy met *vaardigheid en insig en verstand te werk kon gaan*. Ook toe die tempel gebou moes word (1 Kon 6:19-30) het ons so paar weke gelede gepraat oor die stilte op die tempelperseel. Al die gekap en gebreek was in die gebergtes gedoen maar toe die klippe op die bouperseel aankom, het hulle klaar gepas en is net neergelê. So het die tempel eintlik deur die gees van stilte herrys. Daar was geen ystergereedskap en die geraas van mense en yster op die bouperseel by die tempel toegelaat nie. So werk die Gees, dikwels in stilte, soos die dou van Hermon, lyk nes reën, dit werk waar die mens nie kan werk nie.

***

Ook Nuwe-Testamenties gee die Gees gawes aan Sy Kerk. Ook as ons later vandag weer ’n ouderling in die Kerk van die Here moet kies sien ons in Efesiërs 4 dat ouderlinge en diakens en leraars is gawes aan die Kerk van die Here. Buiten die gawes gee die Gees ook nog vrug. Gawe

en vrug is nie dieselfde nie, ons moet dit van mekaar onderskei. As jy gelowige kind van God is, sal jy altyd in ’n mindere of meerdere mate die vrug van die Gees sigbaar maak. Gelowiges ontvang nie almal dieselfde gawe nie (1 Kor. 12:11) maar gelowiges moet almal in ’n mindere of meerdere mate wel die vrug van die Gees vertoon.

***

Dit moet sigbaar word weereens wat Ananias en Safira hulleself lelik mee misreken het. Ons kan sê die vrug van die Gees word volgens die beginsel van universele skenking uitgedeel en ek mag nie daarmee mors nie! 1 Kor. 12 vers 13 stel die universele so duidelik - *13 Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.* Hoe mooi staan die enkele vrug van die Gees, die universele wat elke gelowige nie soseer as gawe ontvang nie, maar tog as vrug moet kan vertoon ja die vrug met sy nege dele– liefde, blydskap, vrede- hierdie eerste drie beskryf jou en my verhouding tot God – dan kom lankmoedigheid, vriendelikheid goedheid- dit beskryf hoe ons verhouding tot mekaar moet wees, hoe ek met my naaste moet omgaan- en dan die drie laaste- getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing, ja dit bepaal my verhouding met myself, hoe ek myself moet gedra in die huis van God wat die kerk van God is. Vir God Self moet hierdie kerk ’n pilaar en grondslag van die waarheid wees. As ons dit nie is nie, is die voorbeeld van Ananias en Safira ook hulle wat hard aan ons harte moet ruk. Mense wat God nie by sy tafel sou toelaat nie, God wou hulle nie eers in sy Kerk toelaat, wat nog te sê by sy tafel.

***

As ons die lewe van Ananias en Safira inkom dan besef ons die kerk van hulle tyd het van hulle ’n hoë dink gehad. Hulle wou eintlik deur ’n leuen en skynlewe nog ’n groter indruk op daardie vroegste kerk gemaak het. Daar was regtig mense met wie God in die vroegste kerk ’n pad wou stap, mense wat as gawe aan God se kerk geskenk was, het ons hulle reeds genoem. So ’n man was Barnabas van wie ons kort na die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 4 vers 36 pragtige getuienis ontvang ... *36 En Joses wie se bynaam onder die apostels Bárnabas was — wat, as dit vertaal word, beteken seun van vertroosting — ’n Leviet, van geboorte uit Ciprus, 37 het ’n stuk grond gehad en dit verkoop en die geld gebring en aan die voete van die apostels neergelê.* Barnabas uit die heel vroeëre stam van Levi, die priesterstam, wat destyds met die indeling van Jakob se seuns mag die priesters nie grond gehad het nie, hulle moes vanuit die tempel onderhou word. Barnabas wat afstand doen van dit wat hy seker waarskynlik in Ciprus

gehad het, ’n stuk grond. Die Here se kerk ontvang wat Barnabas nie vir homself wou hou nie. Daarmee was hy eerlik, waarlik watter besondere vrug maak hy nie sigbaar nie, dieselfde man was voorwaar ’n gawe aan die kerk van die Here.

***

En in daardie selfde dae ontmoet ons ook vir Ananias, wie se naam eintlik so ’n mooi betekenis het. Die naam beteken die Here is genadig, of die Here sal my antwoord, maar Ananias word een wat ons mee swaarkry. Hulle wat ook na die kerk wil kom en dan voorgee dat hulle ook grond verkoop het en die volle prys afgedra het. Die sonde lê beslis nie in wat hy gedoen het nie, maar in wat hy gesê het en voorgegee het. Hulle soek na eer daarom het hulle voorgegee dat hulle die volle koopsom afgedra het maar het hulle ’n deel agtergehou.

As die Here aan Petrus openbaar wat werklik aan die gang is dan besef Petrus Satan sit hieragter. Tog moet ons as mense kan weerstand bied. Dit wat in die paradys gebeur het, is eintlik maar wat weer en weer gebeur. Ananias moes Satan uit sy hart geweer het. Satan se straf is duidelik uitgespel maar die mens kan nie agter die duiwel skuil nie. Allermins! Wanneer ons mooi agterkom waaroor die werklike diepe kwaad in hierdie eerste kerk met van sy eerste lidmate oorgaan is wanneer daar vir die Heilige Gees gelieg word.

Verskriklik om te lieg vir Hom wat met Pinkster ons volle deel geword het. Ananias en so ook sy vrou gee voor dat hulle doen deur die Gees die goeie maar eintlik lieg hulle in die Heilige Gees se Naam. Dit is wat hulle sonde verskriklik maak. So gevaarlik is sonde in wat Satan die mens mee verlei. Om die Heilige Gees te wil naboots waar God dan nie die eer kry nie, maar Satan word inderwaarheid in die Gees se Naam vereer.

Al die goeie van die Heilige Gees, dit wat ons graag by hierdie Nagmaal vandag voor oë wil hou. Hoe die Heilige Gees die Een is wat ons by God wil uitbring, die Gees wek lewe, Hy gee groei, Hy maak die lewe mooi. Hy wil jou en my geloof ook vandag hier versterk. Hy skenk gawes, in sy vrug mag ons arbei en mag ons ook vandag Nagmaal vier. Daarom as Ananias en Safira dan nou maar eerder geen geld gegee het nie of selfs eerder nie hulle grond verkoop het nie, want God wil in Gees en in waarheid gedien word. Dan sou niemand hulle kon verwyt nie. Tog mag ons nie met die Gees speletjies speel nie.

Dit laat ons besef as ons nou na die tafel mag nader, mag die Gees van Pinkster u lewe volmaak. Om vervul te mag wees met die Heilige Gees, ook 'n besondere gedagte op hierdie Pinksterdag. Ek mag selfs tot God se tafel nader, die brood word gebreek, die beker word gedrink. So wil God jou in sy tekens van brood en wyn versterk in wat die Heilige Gees hier aan die werk is. Ons moet egter baie goed onderskei om vervul te wees met die Heilige Gees beteken nie dat ek oor die Heilige Gees beskik nie, nee om vervul te wees met God se Gees beteken die Gees beskik oor jou en my.

Ons moet tot beskikking van die Heilige Gees wees, dan gebeur daar werklik die mooie ook met ons in wat ons reeds vandag as die goeie van die Heilige Gees voor oë kon hou. Pasop vir die mens wat dink hy/sy kan eintlik die Gees vir eie gewin misbruik. Ananias en Saffira het die gevaar nie besef nie. Hulle is die mense wat die Gees na eie smaak wil dien en Hom na die menslike vlak wou aftrek. Wie die gevaar nie besef nie moet maar net na Ananias kyk en kyk sy vrou nie mis nie, dan sal ons werklik ook nie die Nagmaal wil misbruik nie. Soos die man en vrou gepoog het om die Heilige Gees te misbruik so is die gevaar ook altyd daar om die Nagmaal te misbruik.

Mag dit werklik ek en jy wees wat as ons tot die tafel kan nader dit tegelyk sal beteken ek wil op hierdie besondere Pinkstersondag Nagmaal vier omdat ek tot beskikking van die Gees wil wees.

AMEN

**<u>NABETRAGTING</u>**

**<u>Skriflesing:</u>** Handelinge 5: 7 – 14

Act 5:6 'n Paar van die jonges het nader gekom, hom toegedraai en gaan begrawe.

Act 5:7 Omtrent drie uur later het sy vrou daar aangekom, onbewus van wat gebeur het.

Act 5:8 Petrus vra toe vir haar: "Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop?" "Ja," sê sy, "vir soveel."

Act 5:9 Toe sê Petrus vir haar: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra."

Act 5:10 Sy het onmiddellik voor Petrus dood neergeval. Die jongmanne het ingekom, gesien sy is dood, en haar by haar man gaan begrawe.

Act 5:11 Die hele gemeente en al die ander mense wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.

Act 5:12 Deur die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind. En al die gelowiges het gereeld saamgekom in die Pilaargang van Salomo,

Act 5:13 maar van die ander mense het niemand dit gewaag om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag.

Act 5:14 Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg.

Geliefdes waar ons nou die Nagmaal gevier het, het ons besef die Gees van God werk op twee maniere in die Here se kerk. Hy trek aan en Hy stoot af. Ware gelowiges wil graag vervul wees met die Gees, ja hulle is waarlik tot beskikking van die Gees. Hulle gee nie voor om oor die Gees te beskik nie, maar die Gees beskik oor hulle.

Ons gelese gedeelte het nou ook Ananias se vrou, Safira kerk toe gebring. Sy kom in die kerk wat vir haar gevaarlik geraak het. Vir party is dit wonderlik, dis hulle hoogste geluk, ’n ware vreugde om kerkganger en nagmaalganger te wee, maar die huigelaars sal bang wees om waarlik kerk te wees. Om lewende gemeenskap met Christus deur sy Gees ook hier te mag hê. Ons wat weet Wie die Heilige Gees is en waar ons Hom kan vind, mag Hy in u hart woon. Die Gees wat ook op ’n besondere wyse in Jesus se lewe gewerk het. In alles was die Heilige Gees altyd by Christus gewees, behalwe toe God Hom verlaat het, ja daardie oomblikke aan die kruis was die Gees nie by Hom toe God Hom verlaat het. Jesus is as mens deur die Gees verwek, Hy is met die Heilige Gees gedoop, Hy was Draer van die Heilige Gees (Joh. 3:34); Jesus was ook Uitdeler van die Heilige Gees (Joh. 14:16); ons besef in alles is Jesus deur die Heilige Gees gelei.

***

As Safira op daardie dag die kerk inkom, waar haar man omtrent drie ure gelede dood uitgedra was omdat hy ’n gevaarlike spel met die Gees en met die kerk wou speel. Baie gevaarlik! Petrus het aan haar eintlik nog weer ’n tweede kans gegee. In vers 8 kom ons agter Petrus vra haar om dan wel die waarheid te praat. Sy voeg haar by haar man se leuen en dan slaan sy ook dood neer. Dit moes verskriklik wees, ja die vroeë gelowiges was inderdaad verskrik! Daardie spesifieke dag sou dit vir almal moeilik wees om Nagmaal te vier met die ontstellende wat so pas gebeur het.

***

Ons het egter vandag die Nagmaal kon vier in die wete God is heilig en met wat heilig is, mag niemand mee om paadjies loop en daarmee speletjies wil speel nie. Ons kan nie God maar sommer na ons eie smaak wil dien en Hom op ons menslike vlak wil neertrek nie. God laat Hom ook nie tart nie. Die man en vrou was albei daaraan skuldig. Iemand verwys in hulle geval na buitengewone kerklike tug. Op die Pinksterdag en deel van die verstaan van die werk van die Heilige Gees is om te weet Jesus doop ons met die Heilige Gees, maar Hy kan ook met vuur

doop. Om met vuur gedoop te word soos Mattheus 3 daarna verwys is die oordeel wat mense kan tref wanneer die Gees misbruik of gelaster word. Om in Jesus te glo mag nooit goedkoop gemaak word nie.

Veel eerder wil ons met die Gees gedoop wees. So het God in daardie vroegste kerk dit duidelik gemaak al kom daar skrik en vrees in die gemeente het God hulle in staat gestel om dit reg te verwerk. Die tug het op die gemeente ook 'n seënryke uitwerking gehad al vind ons dit dikwels moeilik om só na die tug te kyk. Baie mense vandag met hulle humanistiese vooropgestelde menseregte benadering sal dit moeilik verstaan en verwerk wat hier in die vroegste kerk so iets drasties kon gebeur.

Tog gebeur hier nie net buitengewone tug nie, maar doen die apostels ook aangrypende tekens en wonders. Die vrug van die Gees, ja in al nege sy dele het nie uit daardie kerk verdwyn nie, Dis mense wat dikwels uit die kerk verdwyn. Die Gees van God sal nooit Homself uit die ware kerk verwyder nie. En waar ek as kind van God my by die ware Kerk moet voeg moet ek myself bereid verklaar om getug te word waar ek nie meer die skeiding tussen die kerk en die wêreldse dinge kan raaksien nie. So bring nie mense nie, maar Christus deur sy Gees my weer waar Hy my wil hê. In gemeenskap met Hom en met sy Kerk. Sondag 31 van die Kategismus beskryf nie verniet die tug as 'n besondere liefdeshandeling om mense tot berou en bekering te bring. As die tug so 'n seënryke uitwerking mag hê soos in die vroegste kerk dan word mense juis nie van die kerk weggedryf nie, maar kom hulle juis nader aan die Kerk. Hoe baie is dit al gewys waar daar tug is, is daar ook groei. Groei wat natuurlik na binne werk maar na buite ook uitwerk. Die groei wat in alles verband hou met die Heilige Gees in sy gawes en in sy vrug.

AMEN

So was die Paasfees vir eeue in die Ou Testament gevier, ook daarmee saam die Pinksterfees. Die Paasfees weet ons gaan alles terug na daardie nag in Egipte toe God sy volk die slawehuis sou uitlei. Daar was nou plaag na plaag (nege verskriklike plae) en Egipte wou nie hoor nie en toe op die vooraand van die 10de plaag moes hulle uit Israel die Paaslam slag, sy bloed aan die deurkosyne smeer. Waar die bloed van die lam aan die voorkant van 'n huis was, het die engel wat die eersgeborenes daardie nag sou laat sterwe, daardie huis verbygegaan (*Pesach)* maar watter hartseer was daar in die huise sonder bedekking, daar waar die kosyne nie die bloed gedra het nie. So begin die Paasfees, maar selfs Ou-Testamenties gaan daar 50 dae verby, die volk is wonderbaar die land uitgelei, deur die woestyn, deur die Rooi See, waar hulle as' ware hulle eie doop ingegaan en deurgegaan het. Weer die woestyn in, op pad na die land wat God met melk en heuning wou verbind. Tog was hulle reis alles behalwe melk en heuning. 50 dae na Paasfees is die volk by die berg Sinai, die berg waar ons op 'n manier ook vanoggend by was. Daar ontvang die volk die Here se Wet, twee tafels, die Wet geskryf met die vinger van God. Ons kan in alle geval die vinger van God direk met die Heilige Gees verbind. Ja, in die Ou Testament het God se vinger, as ons Hom mag noem die Heilige Gees al iets baie groot in die lewens van mense gedoen, God het sy Wet op kliptafels geskryf, omdat die Wet nie meer op die vleestafels van harte geskryf gestaan het nie.